Les 3 - Openbaring 3

Aan die gemeente in Sardis

3[1] “Skryf ook aan die boodskapper van die gemeente in Sardis “Dit sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het, “ ‘Ek ken jou dade – jy staan daarvoor bekend dat jy lewe, maar jy is dood. [2] Wees wakker, en versterk diegene wat nog oor is, wat op die punt is om dood te gaan. Ek het gevind dat jou dade in die oë van my God nie voldoende is nie. [3] Onthou dan hoe jy die boodskap ontvang, en daarna geluister het. Bewaar dit, en bekeer jou! As jy egter nie wakker skrik nie, sal Ek soos 'n dief opdaag, en jy sal nie weet op watter tydstip Ek by jou aankom nie. [4]Maar daar is 'n paar mense by jou in Sardis wat nie hulle klere besoedel het nie. Hulle sal saam met My leef, in wit klere, omdat hulle dit werd is. [5] “ ‘Wie oorwin, sal net so wit klere kry om aan te trek, en Ek sal sy naam nie uit die boekrol van die lewe skrap nie, maar voor my Vader en sy engele oor hom getuig.* [6] Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.’ ”

Aan die gemeente in Filadelfia

[7] “Skryf ook aan die boodskapper van die gemeente in Filadelfia “Dit sê die Heilige, die Ware, wat die sleutel van Dawid hou, wat oopmaak, en niemand sal dit toesluit nie, wat toesluit, en niemand sal dit oopmaak nie [8] “ ‘Ek ken jou dade. Kyk, Ek het voor jou 'n oop deur gegee, wat niemand kan sluit nie. Al is jou krag min, het jy vasgehou aan my woord, en het jy my Naam nie verloën nie. [9]Kyk, Ek laat toe dat daar mense uit die sinagoge van Satan kom wat beweer dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar lieg; kyk, Ek sal sorg dat hulle kom, en voor jou voete neerbuig, en erken dat Ek jou liefhet. [10] Omdat jy aan my opdrag gehoorsaam was om te volhard, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele bewoonde wêreld gaan aanbreek, om die bewoners van die aarde op die proef te stel. [11] Ek kom gou; hou vas aan wat jy het, sodat niemand jou oorwinnaarskrans wegneem nie. [12] “ ‘Wie oorwin, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal nooit weer daar uitgaan nie. Verder sal Ek ook die Naam van my God daarop graveer, en die naam van die stad van my God, dit is die nuwe Jerusalem, wat van my God uit die hemel neerdaal, en ook my nuwe Naam. [13] Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.’ ”

Aan die gemeente in Laodisea

[14] “Skryf aan die boodskapper van die •gemeente in Laodisea “Dit sê die •Amen, die getroue en ware getuie, die begin van God se skepping, [15] “ ‘Ek ken jou dade,* dat jy nóg koud, nóg warm is. Was jy nou maar koud of warm! [16] Maar omdat jy louwarm is – nóg warm, nóg koud – gaan Ek jou uit my mond spoeg. [17] Omdat jy sê, “Ek is ryk, ek het skatryk geword, en het aan niks gebrek nie,” en nie besef dat jy ellendig en bejammerenswaardig, brandarm, blind en naak is nie, [18] raai Ek jou aan om by My goud te koop wat deur vuur gesuiwer is, sodat jy ryk kan wees; en wit klere, sodat jy jou kan aantrek, en die skaamte van jou naaktheid nie sigbaar word nie; en salf om aan jou oë te smeer, sodat jy kan sien. [19] Diegene wat Ek liefhet, berispe en tug Ek: Wees dan ywerig en bekeer jou! [20] Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe, en saam met hom eet, en hy saam met My. [21] “ ‘Wie oorwin, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos wat Ek ook oorwin het, en saam met my Vader op sy troon sit. [22] Laat dié wat ore het, luister na wat die Gees aan die gemeentes sê.’ ”

Bible Society of South Africa. Die Bybel 2020-vertaling (Hoofletteruitgawe) (Afrikaans Edition) (pp. 3932-3934). Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kindle Edition.

Die stad Sardis
Op die spoor van die posbode, ongeveer 48 km suidoos van Tiatira, kom ons by Sardis aan - 'n stad wat bekend was vir die sterk stadsves-ting (akropolis) en handelsware soos goud. Dié stad was op 'n rif ge-bou en in militêre sin feitlik onoorwinlik. 'n Mens sou kon praat van
'n militêre vesting wat slegs van die suidekant af bereikbaar was.
Later is die stad laer afgeskuif en het dit deel van die vrugbare vallei geword. Geleë aan die groot handelsroetes, was Sardis 'n voor-uitstrewende landboustad met uitgebreide tekstielbedrywighede. Dit
het gelei tot 'n kosmopolitiese bevolking met allerlei invloede. Die legendariese koning Kroesus, die koning van Lidie (560-546 vC), was deel van Sardis se geskiedenis. Volgens 'n legende het alles waaraan hy geraak het in goud verander.
Ten spyte van sy oënskynlik onoorwinlike posisie is Sardis volgens die geskiedenis tog twee keer verower - in 546 vC deur die Perse, en in 214 vC deur Sirië. Antiogus die Grote, 'n Siriese koning, het toe 2 000
Joodse families vanuit Mesopotamie in Klein-Asie gevestig.
In die omgewing van Sardis het heelwat Jode gewoon en hulle in-vloed deeglik laat geld. 'n Groot sinagoge is later in Sardis opgegra-we. Sardis se Jode het volgens Josefus se geskrifte groot bedrae geld aan die tempel in Jerusalem oorbetaal.
In 17 nC het 'n vernietigende aardbewing Sardis in puin gelê. Met die oog op die heropbou van Sardis, het keiser Tiberius die stad toe vyf jaar lank enige belasting vrygeskeld. Dié heropbou het beslis 'n groot merk gelaat op die gemoed van die Christelike gemeente. Ma-terialisme het algaande die geestelike waardes op die agtergrond ge-skuif.
Die beskermgodin van Sardis was Kubele of Artemis. Sy was die godin van lewe en onsterflikheid, en kon volgens oorlewering dooies weer lewend maak. Daar is begin om 'n tempel ter ere van Artemis te bou, maar dit is nooit voltoi nie. Dit is nogal ironies dat die gemeente juis in dié stad in 'n "sterwende insluimering" verval het. Slegs Hy wat gesê het: "Ek is ... die lewe" kon die geestelike dood van Sardis weer omkeer. Die geestelike insluimering van Sardis moet waarskynlik ver-staan word as dat hulle kompromie gesluit het en die heidense om-gewing deel van hulle lewe gemaak het. Slegs 'n paar kole het nog gegloei, maar die Christelike vuur was geblus. Sardis vertel die ver-haal van 'n gemeente in nood wat geworstel het met 'n naderende geestelike dood. Die DNS was nog Christelik, maar die bloedvloei het gedreig om te stol.

Wit klere
Die kleur wit kom negentien keer voor in die boek Openbaring en simboli-seer gewoonlik oorwinning, heiligheid, heerlikheid en feesviering. Dit kan ook sterk verbind word met verlossing. Volgens Markus 9:3 beskryf wit die glans en hemelse heerlikheid van Jesus met die verheerliking op die berg.
In breër perspektief gesien, kan wit op aardse vlak byvoorbeeld die kleur van melk (Gen 49:12), sneeu (Dan 7:9) of wol (Ps 147:16) aandui. Op hemel-se vlak word wit gebruik om bonatuurlike glans te beskryf.
Volgens die beskrywing van die "Oue van dae" in Daniël 7:9 (1953-ver-taling) is sy hare soos wit wol en sy klere so wit soos sneeu. Christus se klere het wit geword soos die lig (Matt 17:2). Die engel by die graf se klere was so wit soos sneeu (Matt 28:3) en die twee mans by Jesus se hemelvaart se klere was wit (Hand 1:10).
In Openbaring kry ons wit perde (Op 6:2; 19:11, 14) terwyl die engele en heiliges in die hemel wit klere dra (3:4-5, 18; 4:4; 6:11; 7:9, 13-14; 19:14). Die oorwinnaars ontvang 'n wit steentjie (2:17) en 'n wit wolk omring die Seun van die mens wat die oes kom insamel (14:14). Om nie eens te praat van die wit troon van God nie (20:11)!
Wit word nooit teenoor swart gestel nie, eerder lig teenoor duisternis.
Slegs een keer word wit met rooi gekontrasteer: die bloedrooi van sonde word wit soos sneeu (Jes 1:18).

Die stad Filadelfia
Daar bestaan heelwat onsekerheid oor die presiese datum waarop hierdie stad gestig is. Dit kon moontlik tussen 189 vC (in die tyd van Eumenes, die koning van Pergamum) en 138 vC (in die tyd van Atta-lus II, die jonger broer van Eumenes) gewees het. Die stad se naam, Filadelfia (Grieks: liefde en broer), wat broederliefde beteken, spruit waarskynlik uit Attalus II se liefde vir sy broer, Eumenes.
Filadelfia (die huidige Alaser) was 45 km suidoos van Sardis op die hoofposroe-te en langs die Kogamisrivier geleë. Sy strategiese ligging het Filadel-fia 'n uitstaande militêre en handelsentrum gemaak; daarom was dit ook bekend as die poort na die Ooste. Die vulkaniese asneerslag het die Hermusvallei besonder vrugbaar gemaak, wat landbouaktiwiteite in
daardie omgewing laat bloei het.

By al die voortreflike dinge wat 'n mens oor Filadelfia kan sê, moet ongelukkig gevoeg word dat dit gereeld geteister is deur hewige aard-bewings. In 17 nC is dit saam met elf ander stede in die omgewing feitlik verwoes deur 'n aardbewing. Dit was moeilik om die stad te herbou, want sporadiese skuddings het bly voorkom. Tog het keiser Tiberius hulle vyf jaar lank enige belastings vrygeskeld sodat hulle die stad weer kon opbou. Uit dankbaarheid het Filadelfia die naam Neosesarea as deel van hulle naam bygevoeg.
In 92 nC, onder bewind van keiser Domitianus, is 'n wet uitgevaar-dig dat die wingerde vervang moes word met graanlande om kos vir die weermag te voorsien. Dit was eintlik om Italie se wynbedryf te bevorder, ten koste van Klein-Asië. Dit het Filadelfia 'n gevoelige eko-nomiese knou toegedien. Die beskermgod van Filadelfia was Dionu-sos, die god van wyn en partytjies. Daar was ook 'n sterk Joodse bevol-king gevestig, soos ons kan aflei uit die inhoud van die briefboodskap self.
Oor die oorsprong van die gemeente weet ons nie veel nie. Ons kan egter uit gegewens aflei dat medewerkers van Paulus waarskynlik hierdie gemente gestig het. In dié gemeente was gelowiges wat hulle nie van stryk laat bring het deur die Joodse of heidense invloede nie.
Heelwat later, toe die Islam in Klein-Asië begin floreer het, het die Christengemeente nog kragtig bly voortbestaan.

Die stad Laodisea
Laodisea het op die kruising van twee sleutelroetes in Klein-Asië ge-lê: 72 km vanaf Filadelfia op die hooposroete en 160 km vanaf Efese op die hoofhandelsroete na Oos-Klein-Asie. Die gunstige ligging het van Laodisea 'n sentrum van handelsbedrywighede gemaak. Van die drie Frigiese stede - Hierapolis, Kolosse en Laodisea - was laasge-noemde die toonaangewende stad.
Laodisea is voor 253 vC gestig deur die Seleukidiese koning An-tiogus II en vernoem na sy vervreemde vrou, Laodike. In 133 vC het Laodisea onder Romeinse bewind gekom, en as gevolg van sy ligging het dit mettertyd die administratiewe en juridiese sentrum vir die he-le gebied Frigië geword.
Tekstielware van swart wol het Laodisea wêreldbekend gemaak.
Ook die beroemde mediese skool, wat veral as ooghospitaal uitge-blink het, het die hele Klein-Asië bedien. Die florerende sakebelange en suksesverhale is ietwat gedemp deur twee dinge: 'n aardbewing in 60 nC wat die stad feitlik verwoes het, en 'n knaende watertekort. Met behulp van 'n waterleiding moes gehaltewater tien kilometer ver na die stad herlei word. Dit het die stad kwesbaar gelaat.
Die bestaande godsdienste in Laodisea was die tipiese aanbidding van die Romeinse veelgodedom, veral Zeus, Apollo en Klaros, asook die Judaisme, wat'n groot aanhang geniet het. Baie Skrifverklaarders meen die vermenging van die Joodse en heidense godsdienste in Lao-disea konstitueer die tipiese kettery waarvan ons in Kolossense lees.
'n Mens sou kon praat van 'n sinkretisme (samesmelting) tussen die Judaïsme en die Romeinse veelgodedom.
Die drie sustergementes in Frigie (Klein-Asië) - Kolosse, Laodisea en Hierapolis - is waarskynlik gestig deur die sendingwerk van Epa-fras (Kol 1:7; 4:12-13) tydens Paulus se drie jaar lange bediening in Efese (Hand 19).
Sommige verklaarders meen die "brief aan Laodisea" waarvan Kolossense 4:16 vertel, sou ons huidige kanonieke Efesiers kon wees.
Kolosse en Laodisea was naby mekaar geleë in die Likosval-lei. Volgens Kolossense 4:15, in die groetboodskappe, neem ons kennis van 'n vrou van Laodisea, Nimfa, in wie se huis die gemeente gereeld bymekaargekom het.
Hierdie gemeente ontvang geen positiewe wense of lofprysing nie, maar word slegs bestraf. Net soos die stad Laodisea, het hulle seker weens hulle selftevredenheid in louheid verval, en die selftevreden-heid het gespruit uit hulle materiële rykdom en sukses op die gebied van kommunikasie weens hulle ligging.
In 'n later stadium is daar wel "'n brief aan die Laodisense" gesir-kuleer, maar dit was vervals en nie 'n Pauliniese brief nie. Die moont-likheid bestaan egter steeds dat die kanonieke Efesiersbrief die eintli-ke "brief aan die Laodisense" was, en dat dit dalk deur Epafras geskryf is.